

22 Februarie

Efesiërs 2:1-10, (Teks: 2:5)

By God is daar lewe

Die blye boodskap is: Die dood is oorwin! By God is daar lewe. In Ps. 104 lees ons: "U gee die lewensasem en daar is lewe, ook uit die grond laat u nuwe lewe uitspruit." Deur sy groot liefde gee God ook lewe in die huwelik en in die gesin en in die kerk en in die samelewing en lewe tot in ewigheid. Vroeër was die Efesiërs aan wie Paulus hier skryf dood in die sonde (vers 1 en 2).

Hulle het net gedoen wat hulle wou (vers 3). Hulle verhouding met die lewende God was verbreek. 'n Gevolg daarvan is "ons was haatlik en het mekaar gehaat" (Tit. 3:3). So is die hele mensdom sedert die sondeval oppad na die ewige dood.

Maar God is ryk in barmhartigheid. Waar Hy ingryp kom daar lewe. Deur sy groot liefde het Hy sy uitverkorenes saam met Christus lewend gemaak. Hy het vir hulle gesterf en met sy opstanding die dood oorwin. So is hulle uit genade gered. Deur sy Gees en Woord werk die ware lewe wat Hy gebring het nou ook deur in die verhoudings waarin hulle staan. Dit sal ook deurwerk in u huwelik en gesin wanneer u trag om die man of vrou, of die ouer of kind te wees wat die Here van u verwag om te wees. Die ware lewe word ook sigbaar in die kerk waar Jesus Christus in die middelpunt staan en in die samelewing waar Hy nagevolg word. Waar hierdie dinge gebeur is die ewige lewe ook 'n werklikheid.

Sing: Psalm 33:5

Ds. J.B. du Plessis (Heilbron)